# NG KERK REEBOK

# SONDAG, 14 JUNIE 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

**BIDDAG VIR JEUG EN KATEGESE**

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.

**Eredienste**

**08:00 Informele diens en 10:00 Tradisionele diens:**
Richard van Wyk
**Skriflesing**: Nehemia 2:1-20
**Tema: "***Bid. Gaan bou!"*
**Sinodale Deuroffer:** Jeugwerk
Digitale Uitsending **08:00**
https://youtube.com/live/bu5uS2zpTOM?feature=share

**GEEN KATEGESE AS GEVOLG VAN DIE LANGNAWEEK**

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir *koffie/tee en malvalekkers* tussen die twee eredienste agter in die saal.

**PERSONEEL-AANGELEENTHEID**

Chris de Wet: 11 Junie tot 20 Junie 2026 (verlof)
Richard van Wyk: 17 Junie tot 5 Julie 2026 (verlof)

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Elza Haasbroek** (R7), vier vandag haar **83ste** verjaardag,
- **Lulu van der Bank** (F4),vier vandag haar **84ste** verjaardag,
- **Lucinda Smith** (R18), vier 15 Junie haar **80ste** verjaardag.
- **Bella Human** (R5), vier 16 Junie haar **92ste** verjaardag,
- **Liza Lupton (K1)** vier 17 Junie haar **84ste** verjaardag,
- **Elsie Meyer (K5),** vier 20 Junie haar **85ste** verjaardag.

*"Mag Hy jou die begeerte van jou hart gee en al jou planne laat slaag." - Psalm 2:40*

## PROGAM VIR DIE WEEK

**WOENSDAG, 17 JUNIE 2026**

**18:00** **Gebedsgeleentheid** in die konsistorie.

**DONDERDAG, 18 JUNIE 2026**

**11:00-12:00** **Bloeddruk-kliniek** in die Moederskamer.

**16:30** Kooroefening

**17:45** Musiekgroep

***NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DAAR GEEN BYEENKOMSTE IN DIE GEMEENTESENTRUM TOT VERDERE KENNISGEWING GEHOU KAN WORD NIE.***

## VOLGENDE SONDAG – 21 JUNIE 2026

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**Eredienste**

**08:00 Informele diens en 10:00 Tradisionele diens:**
Kobus van Zyl
**Skriflesing**: Nehemia 3:1-30
**Sinodale Deuroffer:** Teologiese Kweekskool

**9:00**

**JUNIOR EN SENIOR KATEGESE**

# OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**FRAAI-UITSIG WYKE F6 TOT F10**

- **Sunita Botha (F7),** ontvang behandeling.

**REEBOK R1 TOT R5**

- **Ferdi Kieser** (R3), is tuis siek.
- **Frikkie Oosthuizen** (R3), sterk aan na ‘n pasaangeër-operasie.

**REEBOK R6 TOT R11**

- *Innige meegevoel met **Chris Mostert** (R6) en familie wie se moeder in die mooi ouderdom van 98 jaar en 7 maande Donderdagaand 11 Junie 2026 oorlede is.*

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.
- **Pieter Rossouw** (R12), sterk aan na ‘n operasie.

**REEBOK WYKE R16 TOT R20**

- *Innige meegevoel met **Illona Cloete** en haar kinders met die heengaan van **Bertus** Donderdagoggend 11 Junie 2026. Gedenkdiens-reëlings sal volg.*

**TERGNIET WYKE T1 TOT T9**

- **Poksie de Waal** (T1), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Karien Erasmus** (T5), sterk aan na ‘n knievervanging.

# ALGEMENE INLIGTING

**NUUS VANUIT DIE KERKRAAD**

Die volgende persone is as wyksleiers in die Gemeente gekies

Wyk R10 Adriaan Jacob (Junior) Olivier, Duikerlaan 2, Reebok.

Wyk R18 Jacobus Johannes (Koos) Esterhuizen, Kruisbessiestraat 18, Reebok.

Wyk R20 Marlene Hitge, Kruisbessiestraat 4, Reebok.

Bid dat die Here hulle duidelik sal lei in hulle antwoorde.

<u>Diensgroep Barmhartigheid</u>

Die Diensgroep bedank elke lidmaat wat gedurende die afgelope Pinkster en Nagmaal nie-bederfbare produkte kerk toe gebring het. Groot waardering vir almal se ondersteuning.

<u>Diensgroep Diensverhoudinge</u>

Die Diensgroep het die Personeelbeleid uitgebrei met ‘n Kinderbeskermingsbeleid. Die opgestelde beleid, wat in lyn met die Kinderwet van Suid-Afrika is, is deur die Kerkraad goedgekeur.

Diensgroep Eiendomme en Bouprojek

Die Diensgroep is voortdurend besig met instandhoudingswerk. Die Bouprojek vorder soos beplan. Die bouprojekspan lewer maandeliks aan die Kerkraad verslag. Indien u enige inligting oor die bouprojek verlang, kan u die Kerkkantoor skakel om in kontak met die projekleier te kom.

Diensgroep Finansies en Administrasie

Die Finansiële State vir die afgelope boekjaar (1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026) is afgehandel. Die Kerkraad het die state, wat deur die Rekenmeesters Theron le Roux nagegaan is, goedgekeur. Die state is ter insae tot Vrydag 12 Junie 2026 (tydens kantoorure) in die Kerkkantoor.

Die Kerkraad is dankbaar dat dit goed gaan met ons Gemeente se finansies. Vir die finansiële jaar was die totale inkomste R6 492 984.76 en die uitgawes het R5 884 185.93 beloop het. (surplus **R608 798.83**). Die Kerkraad bedank elke lidmaat wat so getrou hulle bydrae maak. Alle eer aan ons hemelse Vader.

Die opgesomde Inkomste en Uitgawe Staat vir Maart en April 2026, asook die stand van fondse op 30 April 2026 is as volg:

Die surplus vir die twee maande beloop **R427 878** (begrote surplus is R282 875). Die jaarlikse kermis se netto inkomste was **R390 631.95**. Neem kennis dat daar deurlopend melkkos verkoop word en dat die Vleistafel in Julie plaasvind.

Lidmaat statistiek (1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026)

Dooplidmate 174; Belydende lidmate 1 584; Totale lidmate 1 758. Aantal gedoop: 9; Belydenis van geloof afgelê 10; Sterfgevalle 20.

## SIEKEBEDIENING

### 🌿 Demensie as sambreelbegrip 🌿

**Demensie** is 'n algemene term wat verskeie toestande insluit waar geheue, denke en gedrag geleidelik agteruitgaan. Alzheimer se siekte is die mees bekende vorm, maar daar is ook ander soos vaskulêre demensie en Lewy body-dimensie. Hierdie toestande raak nie net die persoon nie, maar ook hul gesin en gemeenskap. Vroeë herkenning en ondersteuning kan help om die lewenskwaliteit te verbeter en hoop en begrip te bring.

Die Siekebediening bied DV **Dinsdag, 28 Julie 2026 om 10:00** 'n inligtingsessie aan oor die begrip Demensie en sy onderafdelings. Dit vind plaas in die kerksaal.

As daar vrae, probleme of enige spesifieke inligting is wat u graag aangespreek wil hê kontak asseblief vir **Corrie Boom (083 262 1181)** vóór Sondag, 28 Junie 2026 met u vrae.

Indien u hierdie kort gespreksforum gaan bywoon, kontak die Kerkkantoor en gee u naam op. *Tee sal na die tyd bedien word.*


Melkkos te Koop!
Donderdag 25 Junie
17:00 - 18:00
By die kerk, groot Kombuis
Prys: R25 per Bakkie
Bestellings teen Woensdag 24 Junie
Elize - 082 335 9473


NG KERK REEBOK
SENIOR JEUG BIED AAN
BINGO
AAND
B 12
G 52
N 37
VRYDAG
26 JUNIE
18:00
BINGO
MET Sop EN
Brood EN Sherry
BRING EIE DRINKGOED!
BESPREEK TAFEL
@ R50
OM JOU PLEK TE VERSEKER.
SOP, BROOD EN SHERRY
@ R60
BETAALBAAR BY BESPREKING.
KOM GENIET 'N AAND VOL PRET, LEKKER ETES
EN GROOT PRYSE!

**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak.
Nie u naam en van nie.
**REEBOK GEMEENTE SE BANKBESONDERHEDE**
**ABSA: TJEK REKENING**
**NG KERK REEBOK**
**404 908 7902**
**TAKKODE 632005**

Snap here to pay

SnapScan